# Die Herinnering en die Inspirasie van Dingaansdag.

Skema – Kirkwood toespraak Ding.-dag, 16 Des. 1937.

191. T. 5 (11)

I Inleiding
II Die Herinnering
III Op hierdie dag moet ons Voortrekkers nader leer ken. Trig. verteenwoordigend
IV Sy treke.
V Trig. as mens:—
Leier; Vredereëls; Christenmens; Prak. man; Nat.-gebied; Gevoel.
VI Baie ander soos hy.
VII Kinders:—
algemeen; And. Potgieter; Aletta Steenkamp; Piet Trig.; Dirkie Uys.
VIII Konklusie i.v.m. herinnering.
IX Betekenis vir ons vandag.
X Die Inspirasie.
XI Ons Stryd vandag:—
Kult. Gebied; Sos. ~~Gebied~~ Gebied; Ekon. Gebied; Pol. Gebied; Kerk. Gebied.
XII Dit alles geld ook vir kinders.
XIII Slot: vir grootmense; vir kinders.

# Die Herinnering en die Inspirasie van Dingaansdag

addendum vir Kerkgoed toespraak Dingaansdag 16 Des 1937.

I Inl.: Ding.-dag 'n egte Afr.-dag. Vir die Afr. is daaraan besondere en grootse herinnerings verbonde, terwyl tegelyk ware en egte inspirasie vir ons volk daarvan uitgaan. Dit herinner ons aan die uitnemende prestasies van die Voortrekkergeslag en dit gee ons moed en krag vir die stryd wat ons vandag op kult.-gebied te voer het. Dit is net h/d twee sye van Dingaansdag dat ons ons vanm. kan besighou, nl. wat dit by ons in herinnering roep en wat die inspirasie daarvan is.

II Die herinnering. Ding.-dag voer ons in die gees terug na die Voortrekkers, die heldegeslag wat in die binneland van die ou K. Kol. uitgestaan het, en wat die ware draers van die beskawing in die binnelande van S.-Afr. was. Die Groot Trek was hulle werk, en dis deur die Groot Trek dat beskawing en Christendom die woeste binnelande van Suid-Afrika verower het. Die betekenis van die Groot Trek is iets waarvoor 'n mens idees kan uitspreek, maar dis vir my tog altyd of ons nie die woorde kan vind om reg daaraan te

laat geskied nie. Onlangs het ek 'n reeks voorlesings oor die draadloos gelewer oor die Betek. v. d. Trek, maar steeds het ek die grote moeilikheid ondervind. Dit was maar steeds of ek nie die juiste woorde ~~of die~~ kon kry om die omvang en die grootsheid van die Voortrekkers se werk duidelik uit te bring nie. Dieselfde gevoel kry 'n mens wanneer hy indrukwekkende verskynsels van die Skepping aanskou. By wanneer hy voor 'n magtige waterval in verbasing en verwondering stilstaan. Of wanneer hy 'n majestueuse bergtop uitgeklim het en die geweldige, eindelose uitgestrektheid van sy bene sien. Of wanneer 'n oorverdowende donderstorm oor die aarde heenrol. Sulke kolossale verskynsels tref ons; ons staan verstom en verbaas; ons wil dit graag beskryf, maar ons kan nie bevredigende woorde vind nie. Net so voel ek wanneer ek die betekenis van die Groot-Trek probeer omskryf. Die Groot-Trek is en bly ongetwyfeld een van die vernaamste, en van die betekenisvolste

gebeurtenisse in ons gesk. Gedurende die 19de eeu was daar in ons land seker geen belangryker en gewigtiger gebeurtenis nie.

III Op 'n dag soos hierdie pas dit ons om wat die Voortrekkers as mense nader kennis te maak, ~~ontwaar~~ want hoe beter ons hulle ken, hoe groter is die inspirasie wat hulle ons gee. Daar is verskeie Voortrekkerleiers gewees, wat met betrekking tot karakter en prestasies min of meer voren gekom het, maar sommige het tog hulle eie uitstaande kenmerke. Van Rensburg en Trigardt is bv. die baanbrekers van 'n baanbreker-geslag; hulle het die weg aangewys vir diegene wat op hulle gevolg het; Potgieter is die stigter van Voortrekkerstate, in soverre hy die eerste was om groot stukke grond op vreedsame wyse van inboorling-kapteins vir die Voortrekkers gekry het. Retief is die ware, die gebiedende leidsman van sy volk. Maritz is demokraat. Pretorius is die diplomaat. Naas die leiers is daar die groot menigte van die Trekkers

self — die volk. Hoe kan ons met hulle kennis maak? Die beste is om 'n vrywel verteenwoordigende voorbeeld te neem: Louis Trigardt.

IV Sy Trek.

V Trigardt as Mens.
(a) Leier.
(b) Vrederegter.
(c) Christenmens.
(d) Praktiese, vindingryke en skeppingsmens.
(e) Natuurliefheid.
(f) Diepe en opregte gevoel.

VI Soos Trigardt was daar honderde ander Trekkers, sommige van wie nog groter beproewings deurgemaak het. Die ander kan ons egter nie so noukeurig op hulle lydensweë volg nie, omdat hulle — nie soos Trig. — vir ons dagboeke nagelaat het nie.
Ons loop egter gevaar om Dingaansdag veel-wat die ~~[illegible]~~ volwassenes van die Trek te assosieer. Ons moet ook dink aan die rol deur die Voortrekkerkind gespeel. Dus nou 'n spesiale woord tot die kinders.

VII Voortrekkerkinders:—
(a) Seuns en dogters in algemeen.
(b) Klein Andries Potgieter (5)
(c) Aletta Steenkamp (±17)
(d) Pieter Trigardt (17).
(e) Dirkie Uys.

VIII Konklusie i.v.m. herinnering: Dingaansdag bly uitsluitlik 'n dag waar die dade v.d. Voortrekkers vir ons in herinnering roep. — Nie slegs dade van grootmense nie, van manne en vroue nie, maar ook van die kinders. Op die dag pas dit ons om ons van die gewoel v.d. daaglikse lewe los te maak, en in stille eerbied en bewondering hulle op hulle lydensweë gade te slaan; ja, lydensweë was dit, maar Goddank dit was ook weë van volharding en oorwinning.

IX Wat beteken dit vandag vir ons? Die groot betekenis daarvan is dat uit die verlede, van die Voortrekkers, vandag kragtige boodskappe tot ons kom. Dit is boodskappe van aansporing, boodskappe van inspirasie.

X Die Inspirasie van Dingaansdag. Ongelukkig 'n feit dat daar nog vandag baie onder ons is wat die betekenis van die verlede van ons volk, en insonderheid van die Voortrekkers nie behoorlik begryp en waardeer nie. Verwysing na wat in ander lande i.v.m. verlede gedoen word: Duitsland, Italië, Engeland. In ons land moet dieselfde gedoen word. Kennis van ons volksverlede, en veral van Voortrekkers, gee ons krag in ons kwellingstyd! Dit gee vastrapgrond

en doelbewustheid. Daardie kennis is 'n deel van ons wapenrusting. Dis vir ons wat die roer vir die skip is — dit laat ons koers hou, selfs deur die storme heen. Dit is vir ons 'n groot hulp in die stryd wat ons vandag te stry het. Want die Afrikaner moet besef dat hy vandag — netsoos sy Voortrekkervoorsin stryd te stry het. Die stryd word nie meer op dieselfde terreine gevoer nie, maar hy is nietemin nog daar, en hy is vandag geen greintjie minder ernstig nie. Die Voortrekkers moes die stryd aanbind teen mag en geweld; vir ons het dit vandag meer 'n stryd teen gelykenheid, lis en geestelike kragskap geword.

XI Laat my net 'n paar terreine aanstip waarop ons vandag 'n stryd te voer het.

Eerstens: op Kulturele Gebied.

(1) Taal — teel die vernaamste — Woorde van Amerikaners — Ek het nog baie te doen, Vgl. woorde v. Geyk.

(2) Vereniginglewe — Kultuurvereniginge-hoofdaagliksbedrewe. — Beroepsvereniginge — Vakvere. en hulle stryd.

(3) Afr. Letterkunde en Tydskrifte.

(4) Hist. Kultuurbesit — vgl. aanvalle daarop deur Barrow en Cloete (Training Wheels): — wantroue van menigte.

Tweedens Sosiale Gebied.

(1) Pogings tot verengelsing en bedoelings.

(2) Onderwys en sosiale gebruike.

(3) Die eenheid van die huisgesin.
(4) Die egtheid v.d. samelewing.

Derdens op Ekon. Gebied
(1) Ernstige kwakke wat Afr. op ek. gebied gately het.
(2) Afr. in die handel.
(3) Ondersteuning op ekon. gebied.
(4) Armblankendom.

Vierdens op ~~Kerkl.~~ Pol. Gebied.
(1) Sê nie hoort aan een of ander party nie.
(2) Afr. in hart en siel demokr. — waak vir demokr. teen gevare soos Komm.
(3) Nasionale probleem. — agitasies om klemverskil op pol. en sos. gebied uit te wis. Selfs om rasvermenging in die hand te werk.
(4) Ons moet ons beleid laat seëvier

Vyfdens op Kerkl. gebied.
(1) Kerk 'n magtige faktor in gesk. van ons volk.
(2) Faktore wat aftrek: meer en meer burgerlike huwelike, en egskeidings.
(3) Afr. wat sy kerk prysgee is verlore vir sy volk.

XII Dit alles geld ook vir vandag.
(1) Taal (moedertaal-onderwys) (2) Vereniging op (3) Op Ekon. Gebied (4) Pol. Gebied (5) Kerklike gebied.

XIII Slot: Ons moet weet waarvoor Dingaansdag staan; ons moet die boodskap daarvan begryp.